

1. Voltooi die sinne hieronder deur van die volgende woorde gebruik te maak:

fases	vloeistof	kraters	ronde
-------	-----------	---------	-------

- Die Maan het 'n **ronde** vorm, soos 'n bal.
- Die Maan se oppervlak het groot gate, wat ons **kraters** noem.
- Daar is geen **vloeistof** op die Maan nie.
- Die veranderende patroon van die sonlig op die Maan, noem ons die **fases** van die Maan.

2. Skryf Maan, Son en Aarde in die volgorde van die grootste na die kleinste.

Son, Aarde, Maan.

3. Hoeveel Maane pas oor die breedte van die Aarde?

4

4. Watter een is nader aan die Aarde- die Maan of die Son?

Die Maan

5. Is enige van die planete nader aan die Aarde as die Maan? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Nee, die Maan is die naaste voorwerp aan die Aarde in die ruimte.

6. Wat noem ons die fase wanneer die verligte deel die kleinste is?

nuwe Maan

7. Wat noem ons die fase wanneer ons die hele Maan kan sien?

Volmaan

8. Is die volgende stellings waar of onwaar?

a. Daar is geen vloeibare water op die Maan nie. **Waar**


b. Daar is geen lug op die Maan nie. **Waar**

c. Daar is vrugbare grond op die Maan. **Onwaar**

9. Na hoeveel dae sal die Maan weer in dieselfde fase wees? Wat noem ons hierdie tydperk.

29 ½ dae. Ons noen hierdie tydperk 'n maanmaand.

10. Teken die fase van die Maan wat ons na nuwe Maan sien en benoem die fase.



Aanwassende sekelmaan